

## Sing vooraf: Psalm 19:6

6-

*Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan,  
en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin  
'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan  
en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog  
diep in my hart bly steek het.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 31:1, 17

-1-

*Net soos 'n rots, gesterk, gestewig  
teen storm en ongety,  
is U, o HEER, vir my.  
Maak my tog nie beskaamd vir ewig.  
Bevry my, hoor my bede  
na u geregtighede.*

-17-

*Geloofd sy God vir sy genade,  
so wonderbaar en groot  
aan my, sy gunsgenoot.  
Sy oog slaan my in liefde gade;  
Hy lei my na 'n veste  
in veiliger geweste.*

## Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Na die wet sing ons Psalm 9:9, 10

9-

*Bewys aan my genade, HEER,  
en sien op my ellende neer!  
U, wat my aan die dood ontruk het,  
kyk, hoe my haters my verdruk het!*

10-

*Dan vind my tong weer nuwe stof,  
in Sions poort meld ek u lof.  
Dan sing ek bly van u genade,  
so groot in nuwe reddingsdade.*

## Gebed.

- Doksologie:
- Aanbidding:
- Skuldbelydenis:

Vergifnis:

- Dank:
- Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God
- Algemene bede:
- Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:

Amen.

## Psalm 33:11

11-

*In God, dié God wat ons beveilig,  
voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig,  
vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader,  
hoor ons as ons nader  
met 'n diep ontsag;*

*slaan ons gunstig gade,  
skenk ons u genade  
as ons op U wag!*

Skriflesing: Jesaja 30.

Teks: Jesaja 30:18

**En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die HERE is 'n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag!** (Jes 30:18 AFR1953)  
(83AV: Tog is die Here gretig om julle genadig te wees en wil Hy Hom oor julle ontferm).

Wanneer ons sonde doen, verwerp die Here ons nie. Sy liefde is so groot dat daar by Hom altyd vergewing van sondes is as ons tot bekering kom en van ons sondes afstand doen.

Kom ons kyk na die volgende vergelykings:

**1. Die verhouding wat daar tussen Juda en die Here was.**

**2. Die beeld van die stadsmuur wat inmekaarstort.**

**1. Die verhouding wat daar tussen Juda en die Here was.**

As ons na hierdie verhouding kyk, is daar dadelik iets wat ons opval, veral omdat ons dit ook in ons lewens ervaar:

- Dit is dat persone wat in 'n verhouding tot mekaar staan, die verhouding nie dieselfde ervaar nie.
- Die een is soms baie ernstig, terwyl die ander een dink dit is 'n grap.

In Juda se geskiedenis is daar iets baie soortgelyks.

- Die Here (Jahwe) is Juda se Vader.
- Hy is dit en Hy sien Homself ook so.
- Maar hulle eer Hom nie as sodanig nie.
- Hulle tree as weerspanninges en opstandelinge teen Hom op.

Hulle loop hulle eie pad en doen net wat hulle wil.

- Hulle luister nie na hulle hemelse Vader nie.
- Dit is nou nie net kerklike dinge waarna die Here hier verwys nie.
- Dit was in hierdie geval veral ook praktiese dinge soos hulle politieke besluite waaroor die Here kwaad is.

Die Here het verwag dat hulle net opreg vir Hom moet bid, en dan wou Hy hulle verlos van die druk van die leërs uit die Noorde.

- Van hulle kant af het hulle nie die vertrouwe in die Here gehad nie.
- Hulle het geoordeel dat dit meer prakties en effektief sou wees as hulle by 'n buurstaat met 'n sterk weermag sou gaan aanklop vir hulp.
- Hulle is toe na Egipte toe.

Die Here se gevoel was kennelik anders as hulle s'n, want Hy kwalifiseer hulle optrede as ongehoorsaamheid.

- Hy verwyt hulle hulle optrede, want Hy sê die dinge wat hulle doen is "nie uit My nie" en "nie uit My Gees nie" en "om sonde op sonde te stapel."
- Hulle moes die Here geraadpleeg het om uit te vind of dit wat hulle wil doen, die goedkeuring van die Here wegdra.
- Maar hulle het nie - daarom distansieer die Here Hom van hulle optrede.

Die vraag wat by 'n mens opkom, is: Wat gaan die Here daaraan doen?

- Hy gaan net sy hand van hulle af wegtrek, sodat hulle met die werklikheid gekonfronteer word.
- Die gevolge van die sonde word beskryf: Farao sal hulle nie help nie. Hy gaan hulle in die skande instort.

Die rede? Die Here werk baie prakties:

- Hy laat ons sondes ons inhaal, sodat ons kan leer dat dit niks help om ons eie dinge te dink en te doen, as Hy 'n voorskrif het oor 'n bepaalde saak nie.
- Daar is net een Bondgenoot en Vader, en dit is die Here.

Die Here se verwyte teen hulle word herhaal, maar uit 'n ander hoek gesien:

- Die Here veroordeel hulle eiewyse optrede.
- Die Suidland is die woestynvlaktes Suid van Juda op pad na Egipte toe.
- Die Here beskryf hoe Juda se gesante wat belaaie is met geskenke deur die gebied reis.

Byna sprokiesagtig word vertel dat die gevare so groot is dat daar selfs 'n vlieënde draak is. Dit is net om te verduidelik wat die gesindheid van die gesante was:

- Hulle was so besield met hierdie missie van hulle dat hulle vir geen gevaar teruggedeins het nie.
- Hulle was te gretig om verkeerde vriende te maak.

Die keuse van Egipte as 'n oorlogsbondgenoot is swak omdat die hulp nie sal kan veg nie. Hulle is 'n volk wat stilsit.

Daar is bepaalde geskiedenisgeskrifte wat beweer dat Egipte op daardie stadium in twee verdeel was.

- In die Suide was daar 'n Etiopiër wat op die troon gesit het en in die Noorde 'n Farao.
- Dit was feitlik 'n toestand van burgeroorlog - nie een van die twee kon die land verlaat om iemand anders te gaan help veg nie.
- Dit is waarom die Here sê hulle is 'n land wat stilsit.

Verkeerde dinge gebeur met mense en die Here straf hulle daarvoor.

- Die Here vergewe hulle dit ook en seën hulle ook weer.
- Maar Hy vergeet nie. Hy wil ook nie hê dat ons ons foute moet vergeet nie.
- Hy onthou omdat Hy ook die eindoordeel behartig en daar vryspreek wie Hy wil.
- Ons moet onthou sodat ons nie weer dieselfde foute maak nie.

Daarom beveel die Here Jesaja om by 'n tafel te gaan sit en die dinge voor die volk op te skryf.

- Die opskryf in die boek, is om te bevestig hoe lank God se geheue is, nl. tot in ewigheid.
- God het baie boeke waarin alles opgeskryf staan.

Het u gedink hoe die Here mense wat ongehoorsaam is ervaar? Wat het Hy byvoorbeeld gedink van hierdie volk van Juda? Die Here teken die karakter van die volk in vers 9:

- Hulle is 'n wederstrewige volk.
- Leuenagtige kinders.
- Kinders wat die wet van die Here (hulle Vader!) nie wil hoor nie.

Die Here het bitter ervaring van hierdie volk.

- Hulle is weerbarstig en oneerlik teenoor die Here.

- Onthou dat dit gaan oor hulle verhouding met die Here. Hulle het nuwe wette en nuwe godsdienste.
- Hulle hou hulle vreemd van die Here af (vgl. Jesaja 1:10; 8:16).

As ons dit baie modern moet stel:

- Hulle verander ook die eredienste en die inhoud van die preke: Die profeet moet hom in sy werk skik na hulle eiewillige eise.
- Die mense moet nie na die Here luister nie - die Here moet Hom na die mense skik.
- Die kerk moet by die wêreld aanpas as hy wil bly bestaan!

Hulle stel nie in die waarheid belang nie.

- Hulle wil dinge hoor wat hulle wil hoor, soos om gelei te word (vgl. Amos 2:12).
- Die Here waarsku ons dat die Nuwe Testamentiese kerk juis swaar aan hierdie swakheid sal ly!  
**... want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, ..(2 Tim 4:3 AFR1953)**

Hulle eis om mislei te word.

- In vers 11 kry die profeet twee keer opdrag om in sy prediking van die Here af weg te buig.
- Hy kry selfs die opdrag om die Heilige van Israel (dis God die Here!) voor hulle aangesig te laat verdwyn.  
**..wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn! (Jes 30:11 AFR1953)**

Wat gebeur met die kerk? Die kerk is nie meer kerk as die ware God nie meer die Koning en Heerser van die kerk is nie.

- Die profete en predikante is dan ook nie meer eerlik nie. Valses en oneerlikes beland op die preekstoel.
- Dit was hoe dit in daardie tyd gebeur het. In Jesaja se dae het valse profete op die voorgrond gekom. Miga is 'n tydgenoot van Jesaja en Hy sê dit (1 Konings 22:12; Miga 2:11).  
**En al die profete het so geprofeteer en gesê: Trek op na Ramot in Gilead en u sal voorspoedig wees, en die HERE sal dit in die hand van die koning gee. (1Kon 22:12 AFR1953)**  
**As iemand wind nawandel en bedrieglik lieg en sê: Ek sal vir jou profeteer by wyn en sterk drank - dan sou hy vir hierdie volk 'n profeet wees! (Mig 2:11 AFR1953)**

Die belangrike van hierdie gedeelte is nie dat die volk hulle politieke rigting verander het nie.

- Politiek is maar die mense se bestuurswyse van sy land.
- Dit verander by alle volke van geslag tot geslag.

Die belangrike fout is dat daar verandering in hierdie mense se geloofsrigting ingetree het.

- Die verandering het bestaan in die verwerping van die inhoud van die Woord van die Here.

Kyk net weer hoe die Here dit ervaar:

- Hy noem dit sonde, bedrog en slinksheid. In ons tyd is dit onaanvaarbaar om so-iets vir iemand te sê.
- Maar die Here sê dit. Gesien teen sy onveranderlikheid moet ons weet dat Hy vandag nog so voel en dink oor sonde teen Hom.

## 2. Die beeld van die stadsmuur wat inmeekaar stort.

Let op hoe die straf aangekondig word. Juda se sondeskuld is soos 'n skeur bo in 'n muur.

- Die muur kan nog 'n tyd lank staan. Vir 'n toeskouer mag die skeur oppervlakkig wees en nie gevaarlik lyk nie.
- Die kenner oordeel egter anders. Hy sien die werklike gevaar.
  - Hierdie stuk muur hang na die buitekant toe oor.
  - Hy sien dat dit gaan uitval na buitekant toe - dan stort die hele muur inmeekaar.

Die beeld is baie belangrik:

- Die verval in die kerk kom nie van buite af nie.
- Dit kom van binne af.

Dit is nie magte van buite af wat die kerk vernietig nie.

- Dit is die kerk self wat van binne af sy waardes prysgee.
- Die kerk neem natuurlik die waardes van die magte buite die kerk as sy eie aan.
- As gevolg daarvan kom die krake en tree die verval in.
- Mettertyd stort die kerk soos hierdie muur heeltemal inmeekaar.

Daar kom 'n tweede beeld by wat alle misverstand uit die weg ruim.

- Sonde laat die kerk in duie stort soos 'n kleipot wat val en aan duisende skerwe spat.
- Die pot breek so flenters dat die skerwe nie eers vir 'n minderwaardige werkjie, soos om as van die kaggel af op te tel, of om helder water van modderwater af te skep, gebruik kan word nie.

Psalm 20:8 gee 'n ander perspektief op die soort van optrede soos wat Juda gedoen het toe hulle eerder op Egipte vertrou het as op die Here.

- Daar word geleer dat hoogmoed en vertrouwe op vleeslike dinge is wat teen die reël van die geloof ingaan.

**(20:8,9) Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar óns sal roem op die Naam van die HERE onse God. Hulle het inmeekaargesak en geval, maar óns het opgestaan en ons weer opperig. (Psa 20:7, 8 AFR1953)**

Uit die Koninkryksoogpunt gesien, is 'n kerk wat so verval het, niks anders nie as 'n volslae ruïne. Hulle het God se Woord verwerp.

- Tog bewaar die Here hulle en reik Hy na hulle toe uit. Die deur is oop sodat hulle weer kan terugkom.
- Redding gebeur wanneer ons teruggaan na die Here toe. Dit gebeur wanneer ons weer op Hom vertrou - in enige bedreiging wat oor ons kom.
- Die mens (in hierdie geval Juda) moet sy ongeloof in die Here laat vaar en omslaan in totale vertrouwe tot God.

Die Here het hierdie merkwaardige eienskap dat Hy nie haat nie. Hy wil altyd liefhê.

- Daarom verander Hy hierdie strafaankondiging in 'n genadeprofesie.
- In vers 18 hoor ons hoe mooi die Here sy sorg oor die vromes aankondig.

**En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die HERE is 'n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag! (Jes 30:18 AFR1953)**

Mense doen sonde, en allerhande nood kom oor hulle as gevolg van hulle sonde, maar die Here maak altyd weer sy hande oop om hulle te verlos.

- Die Here brand van ongeduld om weer aan sy volk genade te bewys.
- Wanneer dit gebeur gaan die Here sy volk se vyande en verdrukkers in elk geval vernietig, sodat sy volk ruimte het waarin hulle in vrede kan lewe.
- Hierdie lewensruimte is natuurlik die Here se genade.

Soos dit meestal met 'n profesie is, het hierdie profesie ook twee tydperke waarin dit vervul word.

- Die eerste vervulling was toe die Here dit beskik het dat die Babiloniërs verslaan is en die Perse die Israeliete teruggestuur het huis toe.
- Die tweede vervulling is wanneer die Here ons uit ons aardse bestaan met sy sondebesmetheid wegneem en ons in sy ewige koninkryk vestig.

Dit gebeur net soos wat met Juda gebeur het. Ons word ook skuldig bevind aan al die sondes wat ons gedoen het, en veral ook al die kere wat ons ons vertrou op God moes gestel het, maar dit nie gedoen het nie.

Ons kry dan ook genade. Maar met 'n verskil: Die genade wat aan ons bewys word verskil op verskeie punte met die genade wat aan hulle bewys is:

- Die genade wat ons kry is nie 'n aardse genade soos hulle s'n nie. Hulle s'n was aards, want hulle het na hulle land toe teruggegaan.
  - Ons gaan na 'n nuwe aarde toe.
- Hulle s'n was op 'n manier tydelik, want toe hulle teruggegaan het na Kanaän toe, was hulle nog steeds aan sonde blootgestel.
  - Ons genade is ewig want ons is dan by God self, en sy koninkryk is juis 'n nuwe bedeling van volmaaktheid wat hierdie ou bedeling van sonde en gebrokenheid vervang.
- Ons word ook nie soos hulle eers gestraf voor ons genade kry nie.
  - Jesus Christus word in ons plek gestraf.

Die vervulling van hierdie profesie oor ons is juis anders as oor Juda omdat die Here die deel van die profesie wat op ons betrekking het anders tot vervulling laat kom.

- Hy het ons nie gestraf vir ons sondes nie.
- Hy het al ons straf op Jesus Christus laat neerkom.

Daarmee het hierdie profesie van die Here in vervulling gegaan.

- Die gretigheid van die Here om ons te verlos, kom tot vervulling daarin dat Hy sy Seun in ons wêreld instuur om soos ons deur die dood te gaan.
- Maar Hy hanteer die dood anders as ons - Hy verslaan die dood.

Nou is ons in 'n herstelde verhouding met God. In vers 1 verwys die Here juis na Juda as sy kinders (inderdaad stout kinders).

- Ons is God se kinders deur die Here Jesus Christus.
- Kinders wat vrygekoop is van die sondes en wat deur die Gees van die Here verander word van sondaars af na mense wat deur 'n bekeringslewe al hoe gehoorsamer aan God lewe.

Daarom behoort ons lewe nie so te wees dat die Here van dinge wat ons doen sê dat dit nie uit Hom is nie en dat dit nie uit sy Gees is nie, en dat dit sonde op sonde is nie. Dit was mos wat die Here van Juda se dinge gesê het.

- Van Juda het die Here gesê dat hulle Hom ook nie geraadpleeg het nie.
- Die situasie met ons is so dat die Gees van God in ons woon.
- *Ons kan verkeerde dinge doen, maar dan kan dit net gebeur as ons ons teen die inwerking van die Heilige Gees inbeur.*

Ons leef dus in 'n genadetyd, want die Verlosser het reeds sy werk tot ons verlossing aan die kruis volbring.

- Die Heilige Gees is alreeds oor die kerk uitgestort.
- Die Here se genade gaan nog verder, want ons kan telkens terugkyk in die geskiedenis en die beskerming en leiding van God sien.
- Ons is alweer aan die einde van 'n jaar. Daar het die Here sy liefde en sy genade aan ons bevestig deur ons in die lewe te hou deur hierdie jaar.
- Met die viering van Kersfees het ons weer onthou dat ons deel het aan die opstanding en die ewige lewe wat deur die Here Jesus Christus bewerk is.

Kom ons dra daarom sorg dat ons doen en late in hierdie nuwe jaar verskil van dié van die ou Jode.

- In die stuk wat ons gelees het, verklaar die Here dat hulle in hulle lewe sonde op sonde doen.
- Ons is anders! Ons lewe in die Here Jesus Christus en gelei deur God die Heilige Gees.
- Daarom het ons die verantwoordelikheid dat ons lewe geregtigheid op geregtigheid moet wees.

**Amen.**

Slotgebed.

Slotpsalm 103:2

<sup>2-</sup>

*Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe,  
genadiglik die sondes wil vergewe,  
jou krankheid ken en liefderyk genees;  
wat van die dood jou lewe weer verskoon het,  
met goedheid en ontferming jou gekroon het,  
en in die nood is Hy jou hulp gewees.*

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr. M.J. du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 27 Desember 2009